DANKBAAR

Week 1

Saamgestel deur: Emile Rademeyer

MEMORISEER VERS

Hebreërs 12:28 (Nuwe Lewende Vertaling)
Daarom moet ons wat bevoorreg is om hierdie onwankelbare koninkryk te ontvang, dankbaar wees, en ons dankbaarheid daarin laat blyk dat ons God gelukkig maak deur Hom met eerbied en ontsag te dien.

DANKBAAR

Romeine 7:4 – Deur julle verbondenheid met die liggaam van Christus het julle gesterwe en staan julle nie meer onder die wet nie. Julle behoort nou aan iemand anders, aan Hom wat uit die dood opgewek is. Daarom moet ons nou 'n vrugbare lewe lei in diens van God.

Jesus het op aarde Sy liggaam vir ons op die spel geplaas. Hy het swaar lyding aan Sy liggaam beleef en uiteindelik sy liggaam prysgegee ter wille van ons verlossing.

As deel van die kerk, wat vandag Jesus se liggaam op aarde is, is dit nie die plek waar ons wegkruip vir die wêreld nie, maar eerder die invloedryke voertuig ná die wêreld. As ledemate van die gemeente moet ons vrugbare lewens lei in diens van God. Dít is 'n lewe van dankbaarheid, 'n lewe wat so bewus is van Jesus se liefde om my te verlos en deel te maak van Sy liggaam, dat ek, gestroop van myself, werklik met oorgawe kan lewe, en doen nét wat die Hoof van die liggaam van my vra.

'n Hart vol dankbaarheid word sigbaar in elke optrede: Wanneer ek stilbly, selfs wanneer ek verkeerdelik beskuldig word; wanneer ek ongesiens en onaangekondig aan iemand anders goed doen, of opstaan vir sy/haar goeie naam; om te kies vir eerlikheid en die waarheid, en dan so te praat en so op te tree. 'n Vrugbare lewe in diens van God is 'n konstante groeiproses en nie 'n sporadiese, lukraak, wanneer-dit-my-gemoed-en-die-situasie-pas optrede nie.

.

'n Invloedryke lewe is 'n leefstyl wat aangevuur word deur liefde en in stand gehou word deur dankbaarheid.

Gebed:

Here Jesus, ek wil al meer U beeld in my lewe vertoon deur nederig en vrugbaar in diens van U en u kerk te lewe. Amen.

Liefde Doen:

Vind iemand in die gemeente wat moedeloos is, en bewys aan hom/haar 'n goeie daad uit jou dankbaarheid teenoor Jesus.

DANKBAAR

Kolossense 2:6-7 (NLV) – Noudat julle Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle lewe soos mense wat aan Hom verbonde is. [7] Bly in Christus geanker en bou op Hom, standvastig in die geloof soos julle geleer is, en loop oor van dankbaarheid.

Die woord, wat meestal in die hele Nuwe Testament vir *dankbaarheid* gebruik word, is die woord *eucharistos*. Dit is ’n samevoeging van twee woorde, *eu*, wat beteken “goed”, en *charidzomai*, wat beteken “om vryelik, ruim en oorvloedig te gee”. Dit beteken dus om “**dank te betuig / uit te druk**” en nie maar net om “dankbaar te *voel* / *wees*” nie. Die ander verwante woord is *charis*, wat ons vertaal met “dank”, maar ook soms met “gawe”, soos bv. die genadegawes wat die Gees gee.

Die gebruik van die *genadegawes* in ’n gelowige se lewe staan direk in verband met die *mate* van sy dankbaarheid teenoor God vir sy trou en verlossing. Dit is immers een van die konkreetste *aktiewe uitleef* en *bewyse* van die mate waarin die gelowige sy / haar eie verlossing verstaan en waardeer!!

Elke dag van my lewe word heeltemal gerig deur oorvloedige dankbaarheid wanneer ek liefde dóén. Dankbaarheid is dus nie ’n reaksie op iets wat iemand anders aan my gedoen het nie, maar eerder ’n reaksie op dit wat Jesus vír my gedoen het. Niemand verdien dus my oorvloedige dankbaarheid nie, maar ek kan nie anders nie, aangesien dit ’n outomatiese reaksie by my is op die liefde van Jesus vir my.

Oorvloedige dankbaarheid kan nooit ten volle tot sy reg kom en uitgedruk word met woorde nie, dus word dit uitgedruk in die gebruik van jou genadegawes in dade.

Gebed:

Here, ek dank U met woord en daad, met mond en hand, vir U liefde aan my bewys. Laat my lewe oorloop van die dankbaarheid in my hart. Amen.

Liefde Doen:

Gebruik een van jou genadegawes om aan ’n behoeftige persoon die oorvloed van jou dank te betoon.

DANKBAAR

1 Tessalonisense 1:2-3 (NLV) – Wanneer ons bid, dank ons God altyd vir almal van julle. [3] Ons onthou voortdurend hoe julle geloof dade word, hoe hard julle liefde julle laat werk en hoe julle aanhou hoop op ons Here Jesus Christus. In ons gebede noem ons hierdie dinge voor God ons Vader.

Twee vriende was deur ’n woestyn onderweg toe hulle in ’n argument betrokke raak. Een het so meegevoer geraak dat hy in sy woede sy vriend deur die gesig geslaan het. Die een wat geslaan is, buk toe af en skryf in die sand: Vandag het my vriend my geklap.

Nadat hulle ’n hele ent verder gestap het, kom hulle by ’n oase. Toe hulle in die water gaan om af te koel, blyk dit ’n moeras te wees. Die een wat vroeër die hou deur die gesig gekry het, het in die modder vasgeval en sou verdrink het as sy metgesel, wie se woede nou heeltemal bedaar het, hom nie uit die water getrek het nie.

Nadat hy herstel het van die skok, staan hy op en kerf met sy mes op ’n klip die woorde uit: Vandag het my vriend my lewe gered.

Die man wat sy vriend in woede geslaan het maar hom tog later uit die moeras gered het, sê toe verbaas: “Toe ek jou geslaan het, het jy dit in die woestynstof geskryf, maar nou teken jy dit op in graniet. Hoekom?”

Die vriend se antwoord was: “As iemand jou seermaak, skryf dit in stof, sodat die wind van vergifnis en vergetelheid dit kan toewaai. Wanneer iemand aan jou goed doen, kerf dit uit in klip, waar geen wind dit weer kan uitwis nie.”

Dankbaarheid word gebore in ’n hart wat die goeie van die verlede onthou, nie soseer dit wat ander aan jou gedoen het nie, maar meer spesifiek, dit wat Jesus déúr ander vir jou gedoen het. Met dank word ander se geloofsdade onthou, en God kry die erkenning, dank en eer.

Dankbaarheid is die geheue van die hart.

– JB Massieu

Gebed:

Here, ek dank U vir elke persoon wat aan my goed gedoen het. Help my om te vergeet waar ander my te na gekom het. Amen.

Liefde Doen:

Skryf ’n gebed waarin jy God dank vir ’n spesifieke persoon se weldaad aan jou. Begin met die woorde: “Ek dank U, God, vir ..... se goeie daad aan my, toe (gee ’n kort beskrywing van die weldaad) (vgl. Filemon 4-5). Stuur die gebed per WhatsApp vir die betrokke persoon.

INVLOEDRYK – LIEFDE DOEN

DANKBAAR

Efesiërs 5:3-4 (NLV) – Soos dit pas by mense wat aan God behoort, moet daar onder julle geen sprake wees van seksuele sondes, immorele optredes of gierigheid nie. [4] Ook skurwe stories, ligsinnige praatjies en vulgêre grappe pas nie by julle nie. Wat by julle pas, is om God te dank.

Om liefde uit dankbaarheid te doen beteken nie net om jou dank uit te spreek nie, maar ook om as Christen invloedryk en reg te leef. Dit kom daarop neer om al meer die sondige gewoontes van die ou lewe agter te laat.

Deur ons lewenswyse waarin daar *geen sprake* is *van seksuele sondes, immorele optredes of gierigheid nie*, en waarin daar nie *skurwe stories, ligsinnige praatjies en vulgêre grappe* by ons mond uitkom nie, leef ons die invloed van Jesus in ons lewens ryklik uit in ons vriendekringe en wyer gemeenskap waarin ons ons bevind.

Wanneer ons egter wel sou meedoen aan bogenoemde optrede vorm en raak dit my identiteit, terwyl ek nie nodig het om enigiets anders te wees as myself nie, omdat my identiteit in Christus is. Daarom kan ek tevrede wees met dit wat God besluit het om deel van my lewe te maak. Ek begeer niks meer nie, en ek praat ook nie op ’n wêreldse manier nie. Mense moet my nooit kan beskuldig van enige van hierdie dinge nie, want dan staan ek uit en wys ek aan die wêreld die Christelike alternatief.

Die teenvoeter vir die negatiewe, die verkeerde woorde of praatjies, is dank aan God. Dit is wat ’n Christen se hele lewe behoort te kenmerk. Christenwees en dankbaarheid gaan hand-aan-hand en saam dui dit op ’n tevrede mens, wie se lewe totaal oorgegee is aan Jesus om deur hom/haar invloedryk God se koninkryk te laat kom.

’n Heilige lewe word gekenmerk deur opregte dankbaarheid en tevredenheid.

Gebed:

Here, maak my lewe al meer ’n toonbeeld van heiligheid, dankbaarheid en tevredenheid en help my dat liefde, eerste doen, die ritme van my lewe word asseblief. Amen.

Liefde Doen:

Wat is daar in jou lewe wat nog tekens is van ondankbaarheid omdat dit onheilig en wêrelds is?

DANKBAAR

Lukas 17:15-18 (NLV) – Een van hulle het, toe hy sien dat hy gesond geword het, omgedraai en God met ’n harde stem geloof. [16] Hy het op sy gesig aan Jesus se voete neergeval en Hom gedank. Hy was ’n Samaritaan. [17] Jesus antwoord hom toe: “Is daar dan nie tien gereinig nie? Waar is die ander nege? [18] Was daar niemand onder hulle te vinde wat omgedraai het om God te loof, behalwe hierdie vreemdeling nie?”

Dankbaarheid is glad nie ’n algemene verskynsel in die wêreld of ’n natuurlike kenmerk van die mens nie. ’n Sekere mate van refleksie is nodig vir ware en opregte dankbaarheid, want dit is ’n uitdrukking van onselfsugtigheid. Die selfsugtige en liefdelose persoon bedank nie omdat hy dink hy verdien die goeie ding wat hy ook al ontvang het. Die onselfsugtige en liefdevolle persoon, aan die ander kant, se fokus en besorgdheid is nie gerig op sy eie behoeftes nie. Watter goeie ding hy ook al van God of van ander mense ontvang, reken hy as onverdiend en genadig. Hy is altyd dankbaar, want sy gees is een van liefde en gee.

In plaas daarvan om ander te gebruik, dien hy hulle. In plaas daarvan om die onskuldige in die onsedelike te probeer verander, poog hy om die onsedelike te verander in wat regverdig en heilig is. Hy is dankbaar omdat die heilige lewe die bevredigende lewe is, en mense sien liefde vir God in die dankbare persoon.

As Christene vir enigiets bekend is, moet dit wees vir liefde wat tot God en ander uitgespreek word deur onophoudelike dankbaarheid (vgl. 1 Tess. 5:18, waar die opdrag duidelik is: “Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God van julle verwag omdat julle met Christus Jesus verenig is.”).

Leef altyd dankbaar!!

Gebed:

Here, dankie dat U my nog nooit teleurgestel het nie. Vergewe my waar ek ondankbaar was of u handeling as vanselfsprekend aanvaar het.

Liefde Doen:

Reflekteer oor jou eie verlede en dank God vir sy liefde, versorging en voorsiening. Deel dit vandag met iemand.